

1. **LEES:** Prediker 11: 8 – 10 en 12: 1 – 14.
2. **BESPREEK:** Prediker moedig jongmense (en ook ouerwordende “jongmense”) om dankbaar (11:8), plesierig (11:9), ligvoets en kommervry te leef (11:10). **IS DAAR ENIGE PERKE?** (Sien Prediker 12:1 en ook vers 13).
3. **BESPREEK die prentjie wat Prediker van die ouderdom en lewe gee:**(met erkenning aan: <https://bybelskool.com/prediker-117-128-leer-met-god-leef-in-jou-jong-dae/>) Met boeiende prentjies van die ouderdom – 12:1-8 – skets die Prediker presies hoe uitdagend dit kan raak met die aanbreek van die ouderdom, en hoe ouderdom beperkings plaas op verskillende aspekte van menswees tot dit eindig in die dood.
 - Vers 2 lui die eerste gedagte eenheid in wat veral werk met die metafoor van die son wat donker word, en die verval van ‘n huis, dws die *beperkings* van die ouderdom.
 - Vers 6 lui die tweede gedagte eenheid in wat werk met die metafoor van die goue kruik aan die silwerdraad wat afgebreek word, dws die tyd van die dood (*breekbaarheid* van die lewe)

3.1 DIE BEPERKINGS VAN DIE OUDERDOM – 12:2-5

Onthou dit is poësie, so die beelde is vir meer as een interpretasie vatbaar!

- swakkerwordende sig of swarmoedigheid (**son donker**) – 12:2,
- koulikheid of sieklikheid (**bewolk**) – 12:2,
- bewende hande of kragteloosheid (**wagters**) – 12:3,
- swikkende bene of lompheid (**sterk manne**) – 12:3,
- verslete tande of gebrek aan vitaliteit (**malers**) – 12:3,
- donker blik op die lewe of onveilige lewensgevoel (**vensters**) – 12:3
- kluisenaarbestaan of gebrek aan gasvryheid (**deure** – dit kan ook na die ore verwys) – 12:4
- swakkerwordende hart of minder produktiwiteit (**meul** – dit kan ook na die stem verwys) – 12:4
- vroëer opstaan en doofheid of doellose aktiwiteit (**voëls**) – 12:4
- swakker balans of angstigheid (**hoogte**) – 12:5
- senuweeagtigheid of maklike verskriktheid (**pad**) – 12:5
- grys/wit hare (**amandelboom**) – 12:5
- minder beweeglik (**sprinkaan**) – 12:5
- eetlus word minder (**kapperkruid**) – 12:5
- die lewe eindig (**ewige woning**) – 12:5
- in ‘n lykstoet (**dié wat treur**) – 12:5

3.2 DIE BREEKBAARHEID VAN DIE LEWE – 12:6-7

Om te sterwe word met drie beelde beskryf wat die breekbaarheid van die lewe betreur: **Die sterwe is soos:**

- ‘n goue kruik wat aan ‘n silwerketting hang en dan breek,
- ’n kruik wat by die fontein stukkend breek,
- ‘n wiel wat by die put stukkend val.

4. **BID SAAM AS GROEP:** veral vir die 40 dae reeks wat vanaf volgende Sondag voortgaan (14, 21 en 28 Oktober)